# HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 23
GEHOU OP 27 DESEMBER 2018 OM 10:00 BY DIE SOKKIESAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**

59 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Dr. Fanie Snyman met skriflesing en gebed geopen.

3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 22 GEHOU OP 28 DESEMBER 2017

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

5. VOORSITTER SE VERSLAG

5.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 23ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5.2 VASSTEL VAN SAKELYS

Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

5.3 VOORSITTER SE VERSLAG

Geagte Lede

5.3.1 So kom ons dan nou aan die einde van 2018. Soos gebruik gee ons besondere aandag aan diegene met droefheid en smart die jr. So is Marie, Bestuurslid, Boeta van Heerden, se vrou hierdie jaar deur ernstige siekte, maar is nou heelwat beter. Oom Gawie Venter van Karoodorp was in die hospitaal maar hy is weer tuis en dit gaan nou beter. Oom Adriaan van Jaarsveld van Radynstraat (later Hartenrus) asook Oom Flip Botha van Sandrivier het ons die jaar ontval. Is daar enige name vanaf die vloer wat ons ontval het die jaar of ernstig siek is waaraan ons in ons gebede moet dink?

Ek wil vra dat almal as blyk van eerbied sal opstaan oor diegene wat ons ontval het hierdie jaar.

Dankie.

5.3.2 Liewe vriende, vanjaar het ek weer diep onder die indruk gekom van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan. Laas Vrydag het ons die 95ste Bestuursvergadering afgehandel en hy was deel van almal. Boeta was ook by omtrent 99% hiervan. My dank gaan aan die hele bestuur vir die werk wat hulle onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Bestuur het drie vergaderings die jaar gehou wat ons probeer skeduleer het binne skoolvakansies waar Bestuurslede op eie koste Hartenbos toe gereis het. Ek dink Bestuur verdien ‘n handeklap vir hul harde werk die jr.

Ek kan vandag, sonder vrees vir enige teenspraak, aan lede sê dat ons saam met ATKV en ‘n Mosselbaai Munispaliteit, waar ‘alles werk’, voorwaar ‘n kosbare kleinnood hier besit. Met die aksies rondom die Hartenbos Rivier, (meer hieroor later), het die Munisipaliteit vanjaar uit sy pad gegaan om ons as belastingbetalers te dien.

5.3.3 SEKURITEIT

Sekuriteit is vir Bestuur ‘n baie ERNSTIGE saak en die beskerming van ons eiendomme, sowel as die veiligheid van ons kinders en ons ouer mense is vir ons ONONDERHANDELBAAR!!!! Die vrylating van 170 misdadigers op parool gedurende die jr., het misdadigheidssyfer heelwat laat styg. Gesofistikeerde kriminele wyk al meer na die platteland toe uit en gebruik openbare geleenthede soos die straatmyl, touchies, ens. om ons gebied ongesiens te betree. Inwoners moet asb uiters versigtig wees want vensters wat oopstaan vir daardie geliefde ou ’katjie’ is ope uitnodigings en sagte teikens. Die jaar is vier inbrake gerapporteer waarvan (en luister hierna) TWEE op heterdaad betrap is deur ons bekwame sekuriteitspersoneel en aan die polisie oorhandig is. Een geval was dit 2 jong blanke mans waar een met ‘n motorfiets probeer wegjaag het. In albei gevalle het die oortreders reeds kriminele rekords. Ek het ook ‘n foto ontvang van Mooinooientjiestraat waar iemand probeer inbreek het, maar betyds deur sekuriteitsbeampte verwilder is. Die feit dat sekuriteit ongewensde elemente ‘op sig’ uit ons gebied mag verwyder, te danke aan die ‘PRIVAAT EIENDOM/GEEN TOEGANG’ bordjies wat hulle die reg hiertoe gee, dra baie hiertoe by. Ek wil lede spesiaal bedank vir u mooi omgang met sekuriteitsbeamptes. Die uiters bekwame werk van hoofsekuriteitsbeampte, Fortuin, verdien spesiale vermelding. Beheerkamer se nr: 044-691 2604. Plaas dit asb sommer nou op u selfone. Bestuur beveel aan dat daar weer ‘n klein aansporingsbonus aan sekuriteitsbeamptes oorhandig word. Ek het gereël dat Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, hier is as u aan die einde van my verslag, vrae aan hom wil stel.

Bestuur beveel ook aan dat ons weer ‘n R5 000 bydrae tot onkoste van die Gemeenskaps Veiligheidsforum (GVF) maak. Hulle patrolleer snags d.m.v. die Buurtwag ook die groter Hartenbosgebied en hou kriminele verder weg van ons huise af.

5.3.4 ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

Die bou vd pad langs Dalmanuthalaan is weereeens uitgestel. ATKV bevestig egter dat die werk steeds gedoen gaan word. Die Strandfrontontwikkelingsmaatskappy het op ons klagtes reageer en 'hoogtebeperkingspale' by Dalmanuthalaan aangebring om slegs motors daar deur te laat. Bestuur vra u geduld met hierdie aksies asb. .

5.3.5 TOEMAAK D.M.V. HEKKE

Om die gebrassery snags op die parkeerterrein by rivieroewer te voorkom, sluit Bestuur, in samewerking met die Munisipaliteit, die feestyd, toegang tot Strydomsoord, saans tussen 23:00 en 06:00 soggens, dmv 'n sekuriteitswag. Op Oujaarsdag word die hekke reeds om 19:00 (07:00nm) gesluit. Elke huis word voorsien van 3 plakkers vir u voertuie, vra meer by Schalk indien u meer as 3 voertuie per huis het, waarsonder u nie Strydomsoord in die tyd sal kan verlaat of binnekom nie. Noodvoertuie word natuurlik toegelaat. Vriende sonder plakkers sal eers moet bel dat sekuriteit tevrede is dat u daar hoort. ATKV sal ook die hekke in Paardekraal beman op dieselfde tye.

Morné, ons Oordbestuurder, het ingewillig om ons, aan die einde van my verslag, weer kortliks te kom inlig. Oor die Strandfrontontwikkeling rig asb u vrae aan Adri van Wyk, die Bestuurder daar, wat ons vanjaar ook vir die eerste maal besoek. Dankie Morné en Adri.

5.3.6 STRATE

Ons strate is almal in uitstekende toestand danksy ons voortdurende opgradering daarvan. Grasveldlaan is oorgebou. Spoedwalle is ook in Nic Meyer aangebring. Op Bestuur lewer Attie hier vir ons waardevolle insette. Aangesien hy vanjaar uittree ons spesiale dank aan hom vir jare se diens op Bestuur. Ons behou uitgawe aan strate as vaste uitgawe op ons begroting en kon vanjaar weer 'n mooi bedrag hiervoor in ons spaarplan wegsit. (Meer hieroor in Schalk se finansiële verslag netnou).

Die groot abba-wa met sleepwa vol motors wat laas Donderdag in Tugelalaan in Strydomsoord kom 'infoeter' (verskoon die sterk term), verkeer geblok en die straat beskadig het, is gerapporteer aan Verkeers afdeling wat dit met die eienaar in Gauteng gaan opneem vir moontlike eise om skadevergoeding aan die padoppervlakte in Tugelalaan. Mun onderneem om na die vakansie weer borde op te sit wat voertuie >3 ton verbied om ons strate te gebruik. Ons strate is eenvoudig nie vir sulke swaar voertuie gebou nie.

5.3.7 AKTIWITEITE IN AMFI-TEATER

Die amfi bly steeds die HART van Hartenbos. Watter pragtige gesig was dit nie Kersoggend toe 'n geskatte 15 000 + kerkgangers die amfi volgepak het nie.

Byeenkomste op die amfi-teater word in ooreenstemming met die Weskaapse Geraasbesoedelings-wet aangebied wat mens tot dankbaarheid stem. Die Permit hiervoor is in my besit en staan onder beheer van Piet Otto van die ATKV. Klagtes kan by die 24-uur nr. 044 6065007 (vra vir Brandweer) aangemeld word

Die Baffalo Rally (12-14 April) verskuif die jaar vanaf Santos Hartenbos toe, maar na ons insette is ons dankbaar dat Mun./ATKV beplan om dit te verskuif na Terrein E en F sodat die geraas meer oor die see sal wees.

Die 7de en laaste, Suidkaap vir Christus-fees, begin November op die amfi het pragtig verloop. Ons groet die mooi groep mense onder leiding van Theo Otto en sy helpers met effe hartseer harte maar ook met groot dankbaarheid vir die mooi passende gees wat hulle aan die amfi verleen het met hul mooi aktiwiteite hier.

5.3.8 RIVIERFORUM

Die Hartenbos Rivierforum is ‘n statutêre komitee wat deur die Minister aangestel word om te waak oor die toestand van die Hartenbos rivier. T.s.v. min samewerking vanaf Dept. Omgewingsake, (ons moes hulle selfs met die WET dreig voor hulle die laaste ‘breaching’ wou toelaat) en met volle ondersteuning van die Munisipaliteit, kon ons vanjaar die onmoontlike regkry deur die rivier 4x meganies te laat oopgrawe dat die see kon inspoel en die watergehalte herstel. Rivier vol seewater sorg vir ‘n gesonde sisteem, en dus geen muggies nie. Die rapport sover is dat muggies en muskiete vanjaar heelwat minder is as vorige jare. Lede word versoek om seker te maak dat die ou septiese tanks wat nog by sekere erwe teenwoordig is nie hul oorloop in stormwaterpype laat vloei nie want dit beland in rivier. Dis ook baie moeilik om ou motor-olie wat in rioolpype afgespoel word en so by rioolwerke beland, te suiwer.

As Omgewingsake nie toestemming, sonder verskaffing van redes, vir ‘breaching’ wil gee nie, speel ons as RF ‘n belangrike rol as openbare drukgroep om die Mun se hand hierin te sterk. Met ons voorlaaste ‘breaching’ van die riviermond het seewater darem al vir byna 3 km in rivier opgestoot.

Ek nooi almal uit, veral die wat deur die muggies en muskiete geraak word, teenaan die rivier, om agter te bly vir HRF se Jaarvergadering net na ons hier klaar is. Bestuur beveel aan dat daar weer ‘n R5 000 bydrae tot HRF gemaak word.

5.3.9 STRAATLIGTE

Ons ontmoet binnekort vir Mnr. Naidoo, Direkteur v Tegniese Dienste, oor betaling van krag vir straatligte en die instandhouding hiervan.

Bestuur se ondersoek na die gebruik van sonkrag vir die straatligte en sekuriteitskameras is eers beeindig omdat dit tans nog te duur is.

*LAASTENS* net ‘n paar ander sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het

Bou sonder planne
Ek wil lede graag gelukwens met die nougesette nakoming van bouregulasies en die pragtige opgradering van hul eiendomme. Min klagtes hieroor is ontvang. Teen Munisipale boetes EN die afbreek van onwettige bouery kan Bestuur u ongelukkig nie verdedig nie. Ons kan u nie beskerm as die Bou-inspekteur hieroor aan u deur klop nie. Vanjaar is 1 nuwe en 24 verbouings goedgekeur. Op Bestuur doen Erina vir ons waardevolle werk. Moet haar asb nie verkwalik hieroor nie. Sy doen net haar plig en verrig ‘n uiters ondankbare taak met groot nougesetheid namens Bestuur

Vullisverwydering Bestuur reël weer op eie koste in die vakansieseisoen Vrydae 'n ekstra verwydering van vullis. Swart sakke is vir algemene huisvullis, groen sakke vir tuinvullis en blou sakke vir alle herwinbare materiaal.
Rondloperkatte. Moet asb nie katte voer en vensters snags ooplaat nie. Katte klim maklik in en vreet aan u 'oorskietkos'.
Tuindienste. Ons het vanjaar weer onkruiddoder laat spuit om duwweltjies te bestry. Enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het.
Die Munisipale Regulasies oor die aanhou van honde beteken in wese dat u hond slegs IN U HUIS OF AAN LEIBAND BUITE U HUIS MAG WEES, MET PAPIERSAKKIE OM GEMORS OP TE TEL. In Melkhoutlaan tel ons nou al 14 honde, (by een huis glad 5), wat binne opgesluit word met onaardse geblaf as eienaars strand toe gaan. Vrylopende honde word net noord van die rivier toegelaat en mag glad nie op die strand los rondloop nie.
Elektrisiteit. Ons verneem met blydskap dat Hartenbos en Bay View se ELEKTRIESE stelsel aan die van Mossgass gekoppel is, so GEEN BEURTKRAG MAG IN DIE GEBIEDE TOEGEPAS WORD NIE. Iets om voor dankbaar te wees.

Hiermee lê ek dan nou my Jaarverslag vir 2018 vir kommentaar aan u voor.

5.4 BESPREKING

5.4.1 Mornay Beukes bespreek die ATKV se betrokkenheid by die Seefront Sentrum. Voorstelle oor toegang en hantering van rolstoele word deurgegee

5.4.2 Louis du Plooy van Executive Security bedank lede vir die goeie samewerking met die sekerheids beamptes. Daar was geen ernstige voorvalle die afgelope jaar nie.

5.4.3 Adri van Dyk beantwoord lede se vrae oor die sentrum. Die bou van Dalmanuthalaan is vir 2019 geskeduleer

6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Louis Brill Ouditeure word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die vereniging is besig om 'n reserwe vir toekomstige projekte op te bou. Sake onder bespreking is die aanbring van sekerheids kameras en sonpaneel gedrewe straatligte. Bestuur gee aandag aan samewerking met die ATKV rondom die gedagte van 'n geslote oord.

6.3 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

8. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasies val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

9. SLOTWOORD EN AFSLUITING

9.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal ’n aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2019 vir u ’n goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 11:30

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN HARTENBOS OP HIERDIE 16DE DAG VAN MAART 2019**

**VOORSITTER** **SEKRETARIS**